
LOFOFFER 2020
Braai-offers
en Dankoffers


‘n “Altaar”-natiewe lewe
HEBREERS 13:7-16

# Sit vir ons nog hout op!

ROMEINE 12:3-8

# Van 'n vonkie na 'n vuur

HANDELINGE 2:1-4






1Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle
almal op een plek bymekaar. 2Skielik was daar 'n geluid
uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit
het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. 3Hulle
het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op
elkeen van hulle gekom het. 4Almal is met die Heilige
Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos
die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy
leiding te doen.


**Handelinge 2:1-4**

# Die VLAMME herinner ons:

- dat God VIR ons is

1 En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, **op grond van die groot ontferming van God**: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

*Romeine 12:1*



17 Toe die son ondergegaan het en dit donker was,
gaan daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel
wat brand, tussen die stukke vleis deur.
Genesis 15:17

# Die VLAMME herinner ons:

- dat God **VIR** ons is - Genade
- dat God **BY** ons is

1 Toe Salomo klaar gebid het, het daar vuur uit die hemel
gekom en die brandoffers en ander diereoffers verteer,
en die magtige teenwoordigheid van die Here het die
tempel gevul. 2 Die priesters kon nie in die huis van die
Here ingaan nie, so het sy magtige teenwoordigheid sy
huis gevul. 3 Toe al die Israeliete sien dat die vuur en die
magtige teenwoordigheid van die Here op die tempel af
kom, het hulle op die plaveisel gekniel. Hulle het in
eerbetoon gebuig en die Here geloof: "**Want Hy is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie.**"

*2 Kronieke 7:1-3*



Die VLAMME herinner ons:
• dat God VIR ons is - Genade
• dat God BY ons is - Teenwoordig
• dat God IN ons is

10 Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle
die lewe **<u>op grond van God se vryspraak</u>**, hoewel
die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van
die sonde. 11 Omdat die Gees van Hom deur wie
Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal
Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook
julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees
wat in julle woon.

*Romeine 8:10-11*

# Die VLAMME herinner ons:

- dat God **VIR** ons is - Genade
- dat God **BY** ons is - Teenwoordig
- dat God **IN** ons is - Inwonend
- dat God **AGTER** ons is


8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige
Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in
Jerusalem sowel as in die hele Judea en in
Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.
Handelinge 1:8

6Julle is nie die enigstes wat die goeie nuus gehoor
het nie. Oor die hele wêreld het die wonderlike nuus al
by mense uitgekom en steeds versprei dit soos ’n
veldbrand. Net mooi oral kom 'n mens die vrugte
daarvan teë. Julle het self mos ervaring daarvan.
Van die dag af dat dit tot julle deurgedring het **hoe
goed God vir julle is sonder dat julle dit regtig verdien**,
weet julle dat die ware God aan die werk is.

***Kolossense 1:6[DB]***

# Die VLAMME herinner ons:

- dat God **VIR** ons is - Genade
- dat God **BY** ons is - Teenwoordig
- dat God **IN** ons is - Inwonend
- dat God **AGTER** ons is - Gestuur
- dat God **VOOR** ons is

3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom
al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die
nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus
Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop 4 op
die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis
wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.
5 En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God
veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om
aan die einde van die tyd geopenbaar te word.

***1 Petrus 1:3-9***

6Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n
kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande
beproewings 7sodat die egtheid van julle geloof getoets
kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud
wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met
vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook
getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer
waardig mag wees by die wederkoms van Jesus
Christus.

**1 Petrus 1:3-9**

8-9Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur
in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds
deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof
is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike
blydskap.



**1 Petrus 1:3-9**

# Die VLAMME herinner ons:

- dat God **VIR** ons is - Genade
- dat God **BY** ons is - Teenwoordig
- dat God **IN** ons is - Inwonend
- dat God **AGTER** ons is - Gestuur
- dat God **VOOR** ons is - Hoop


WAAROM gee ek my dankoffer?

***John MacArthur***

"Ons gemeentebydraes is nie opsioneel nie, en dit behoort nie af te hang van ons persoonlike giere of gevoelens nie… **Die basis vir ons offergawes behoort ons liefde en toewyding aan God te wees, uit dankbaarheid vir Sy onberekenbare Gawe aan ons**."



Daarom het ek dit noodsaaklik geag om die broers aan te spoor om vooruit na julle toe te gaan. Hulle moet die dankoffer wat julle vroeer beloof het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as **'n werklike offer van dankbaarheid**, en nie as iets wat afgepers is nie.

*2 Korintiërs 9:5*

2Ek weet dat julle graag wil help, en ek het al
by die Masedoniërs met lof oor julle gepraat.
"Agaje," het ek gesê, "is al 'n jaar lank reg om
om te help." **Julle ywer het ook die meeste ander
aangespoor**

*2 Korintiërs 9:2*

14Nietemin het julle goed gedoen deur my in my moeilike
omstandighede by te staan. 15Julle in Filippi weet ook dat
in die begin van my evangelieprediking, na my vertrek uit
Masedonië, geen enkele gemeente behalwe julle **'n
aandeel gehad het aan my rekening van inkomste en
uitgawe nie**. 16Ook toe ek in Tessalonika was, het julle
meer as een maal iets vir my behoeftes gestuur. 17Dit
gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug
daarvan: daardeur word julle self ryker.

*Filippense 4:14-17*

4Uit eie beweging het hulle by ons daarop aangedring om
te mag **deel in die liefdeswerk van hulpverlening** aan die
gelowiges in Judea. 5Dit was meer as wat ons verwag
het, want **eers het hulle hulleself aan die Here gegee en
toe aan ons**. Dit is soos God dit wil.

*2 Korintiërs 8:4-5*

# Van 'n vonkie na 'n vuur

HANDELINGE 2:1-4

